**Woensdag 19 Oktober**

**Skrifgedeelte: Jeremia 11:18-23; 12:1-4**
**Fokusgedeelte: Jeremia 12:1-3a**

## Dit is vir my goed om naby God te wees

In die boek Jeremia is ’n hele paar sogenaamde “*Belydenisse van Jeremia*”, dit wil sê private gesprekke (diskussies) tussen die profeet en God – soos Augustinus later ook meesterlik sou doen in sy beroemde “*Confessiones*” (Belydenisse).

Jeremia stel sy saak vir die Here. U ken my, Here, U sien my en toets my gesindheid teenoor U (12:3). In die belydenisse praat die profeet sy hart uit teenoor God. Ons kry insig in die stryd in sy binneste, sy ervaringe en belewenisse.

In die tweede belydenis, Jeremia 12:1-4, handel dit oor die vraag rondom die voorspoed van die goddeloses. Ten diepste gaan dit in hierdie belydenis oor die vraag na die regverdigheid van God. Jeremia het hier geworstel met ’n tipiese Ou-Testamentiese, maar in menige opsig ook nog ’n heel moderne, probleem, naamlik die voorspoed van die goddelose.

Ook Asaf het in Psalm 73 oor die voorspoed van die goddelose gewroeg. Sy aanvanklike dogma oor God is dat God goed is as daar voorspoed is – vergelding/vergoedingsteologie. Dit is wanneer hy na die voorspoed van die goddelose mense kyk. Algaande kom hy tot ander insigte. Soos die beryming dit besing: *“Maar nóú, hoe anders is dit my! Gods heiligdomme ingelei, straal my ’n ander ligglans teë; ek sien hul end ... dis gladde weë”* (beryming Ps. 73:7).

Dit is dan dat hy vanuit ’n ander dogma oor God nadink: God is goed in sy *nabyheid*. *Wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees* (Ps. 73:28).

*Sing: Psalm 73:7, 10, 12 (1936)*

*Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)*